

Hoe om uit jou foute te leer

Hierdie werkblad sal jou help om jouself te ondersoek en te sien (1) hoe jy gewoonlik reageer wanneer jy 'n fout gemaak het en (2) hoe jy dit in die toekoms beter kan hanteer.

Wat dink jy?

1

Waarom wil party jongmense nie hulle foute erken nie?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

VOORBEELD: “Dis nie vir my moeilik om aan myself te erken dat ek 'n fout gemaak het nie, maar dis baie moeilik om dit aan ander te erken. Ek wil net nie hê dat mense sleg van my moet dink nie.”—Melinda.



2

Wat sal mense dalk van jou dink as jy altyd probeer om jou foute weg te steek?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

VOORBEELD: “Dit skep nie 'n goeie indruk as jy 'n fout gemaak het en dit dan probeer wegsteek nie. Mense verstaan as jy foute maak, maar oneerlikheid ontstel hulle baie.”—Christine.

3

Wat sal mense dalk van jou dink as jy nie huiwer om jou foute te erken nie?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....


VOORBEELD: “Ek onthou gevalle waar ek erken het dat ek 'n fout gemaak het, maar in plaas daarvan dat mense minder van my gedink het, het hulle my eintlik meer gerespekteer.”—Richard.

Wat sal jy doen?




Jy leen jou pa se fiets en beskadig dit.

- ☐ Jy sê niks—en hoop dat hy dit nie sal agterkom nie.
- ☐ Jy sê vir jou pa presies wat gebeur het.
- ☐ Jy sê vir hom wat gebeur het, maar blameer iemand anders.



Terwyl jy bal speel, breek jy per ongeluk die bure se venster.

- ☐ Jy hardloop weg.
- ☐ Jy sê vir die buurman wat gebeur het en bied aan om vir die skade te betaal.
- ☐ Jy blameer iemand anders.



Jy druipe 'n toets omdat jy nie daarvoor geleer het nie.

- ☐ Jy vind fout met die toets.
- ☐ Jy aanvaar verantwoordelikheid vir jou slegte punte.
- ☐ Jy beweer dat die onderwyser nie van jou hou nie.

Kyk nou weer na hierdie drie scenario's en stel jou in die plek van (1) jou pa, (2) julle buurman en (3) jou onderwyser.

Wat sal jou pa, julle buurman en jou onderwyser van jou dink as jy nie huiwer om jou fout te erken nie?

.....

.....

.....

.....

.....

Wat sal hulle van jou dink as jy iemand anders blameer of jou fout probeer wegsteek?

.....

.....

.....

.....

.....

Dink aan 'n fout wat jy gedurende die afgelope jaar gemaak het.

Skryf neer wat die fout was.

.....

.....

.....

Hoe het jy dit hanteer?

- ☐ Ek het dit weggesteek.
- ☐ Ek het iemand anders daarvoor blameer.
- ☐ Ek het nie gehuiwer om dit te erken nie.

Hoe het jy agterna gevoel as jy *nie* jou fout erken het nie?

- ☐ Goed—ek het skotvry daarvan afgekom!
- ☐ Skuldig—ek moes iets gesê het.

Hoe kon jy die situasie beter hanteer het?

.....

.....

.....

.....

.....

Wat het jy uit jou fout geleer?

.....

.....

.....

.....

.....

Watter doelwit kan jy oor die volgende 12 maande stel oor hoe om jou foute te hanteer?

.....

.....

.....

.....

.....



Lees meer hieroor.

Doen verdere navorsing: Vergelyk hoe Dawid sy sonde in 2 Samuel 12:1-13 erken met hoe Saul sy sonde in 1 Samuel 15:10-26 probeer regverdig.

Dink dan hieraan: Nie Dawid of Saul het sy fout *onmiddellik* erken nie, hoewel hulle albei dit *uiteindelik* erken het. Waarom dink jy het Jehovah God Dawid vergewe, maar nie Saul nie?